


DIE VOORTREKKERS



VOORSLAGPROSPEKTUS

2020

Waarom Voorslag?

- Jy is nou in die finale jaar as Penkop of Drawwertjie in Die Voortrekkers.
- Voortrekkeroffisiere het jou in jou Voortrekkerloopbaan tot dusver tydens vele spanvergaderings, kampe en aktiwiteite blootgestel aan baie verskillende onderwerpe waardeur jou algemene kennis verbreed en vaardighede verbeter is, jou selfvertroue en leierseienskappe ontwikkel het en jou gesindhede teenoor Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap beïnvloed is.
- In alles wat jy geleer het wil Die Voortrekkers met jou die beweging se visie vir Penkoppe en Drawwertjies, naamlik om **Leier van my eie lewe** te wees, bereik om jou voor te berei vir jou lewe as volwassene eendag.
- Die Voorslag toekenning vir Voortrekkers in Gr 7 is nou jou geleentheid om, mits jy kwalifiseer, weer te gee wat jy alles as Penkop of Drawwertjie geleer en beleef het. Jy sal verbaas wees hoe baie jy al in Die Voortrekkers geleer het. Jy kan nou kies of jy wil inskryf vir die Voorslag proses.
- Om enige taak in die lewe aan te pak moet 'n mens die regte gesindheid hê. Jy sal hard moet werk. Vaardighede oefen tot jy dit bemeester het, liedjies aanleer, seker maak dat jy die inhoud van jou Gr 6/7 Graadwielwerkboek ken, jou Voortrekkerdrag nagaan en regkry en met trots dra en jou speletjies vir die Voorslagkamp kies, goed beplan en beproef. Daar is wel mense wat jou kan bystaan en by wie jy raad en leiding kan vra.
- Alhoewel jy nie 'n skriftelike vraestel gaan voltooi nie word alle teorie op een of ander praktiese manier geëvalueer.
- Elkeen verdien sy eie punte. Nêrens word van 'n groeps punt gebruik gemaak nie.
- Lees ook hierdie prospektus sorgvuldig deur vir wenke met jou voorbereiding en sodat jy presies weet wat van jou verwag word.
- Moenie wag tot net voor die Voorslagkamp om te begin met voorbereiding nie, dis te laat. Begin reeds vroeg in die jaar.
- As jy kwalifiseer en suksesvol is op die Voorslagkamp kan jy beloon word met die Voorslagtoekenning in een van 3 kategorieë, Brons, Silwer of Goud.
- Watter een van die 3 toekennings jy kan ontvang hang van **beide** die volgende 2 goed af:
 - Die toelatingsvereistes waaraan jy voldoen
 - Die finale punt wat jy behaal nadat jy die evaluering deurloop het:
 - Brons - minimum 50%
 - Silwer - minimum 65%
 - Goud - minimum 85%

Minimum kwalifiseringsvereistes vir Voorslag

- **Diensjare** - Jy moet 'n ingeskrewe lid van Die Voortrekkers wees (met ander woorde, geregistreer wees en registrasiegelde by die Gebiedskantoor betaal het vir al die ingeskrewe jare).
- Diensjare vanaf Gr 0 (R) tot Gr 7 word hier in ag geneem.
- Al het jy in Gr 6 of 7 aangesluit mag jy steeds inskryf vir Voorslag as jy aan die nodige vereistes voldoen, maar kan slegs Voorslag Brons verwerf.
- **Graadwielwerk** - Jy moet al die werk in die Gr 6 en 7 Graadwiel werkboek voltooi en behandel het.
- **Beloftespesialisasies** (Afrikanerkind, Erfgrond, Godsdiens, Medemens). Jy moet minstens een van hierdie vier spesialisasies in jou Gr 7 jaar doen as 'n vereiste om te kwalifiseer. Slegs 'n tweede Beloftespesialisasie word in ag geneem vir bonuspunte.
- **Ander spesialisasies** wat jy in Gr 4,5,6 en 7 verwerf het.
 - Die aantal spesialisasies wat jy benodig om te kwalifiseer hang af van jou diensjare:
Een of twee diensjare - twee spesialisasies
Drie of meer diensjare - ses spesialisasies
 - Minstens een moet 'n C gradering wees (dit sluit nie die Beloftespesialisasie in nie) en slegs een mag 'n A gradering wees wat jy in Gr 4,5, of 6 gedoen het.
 - Spesialisasies mag slegs EEN jaar terugwerkend gedoen word en slegs TWEE van die vorige graad kan gedoen word. In jou Gr 7 jaar mag jy wel VIER spesialisasies een jaar terug doen (met ander woorde Gr 6 spesialisasies). **Gr 3 spesialisasies wat in Gr 4 verwerf is, kwalifiseer nie.**
- **Gebiedskampe en Gebiedsgoedgekeurde naweke (GGN)** - Om vir Voorslag Brons te kwalifiseer moet 'n kandidaat minstens een gebiedskamp volledig bygewoon het. Meer gebiedskampe en GGN'e word vereis om vir Voorslag Silwer of Goud te kwalifiseer.
- **Bestudeer** die diagram aan die einde van die prospektus vir 'n volledige skematiese uiteensetting van die minimum toelatingsvereistes vir elke toekenning - Voorslag Brons, Voorslag Silwer en Voorslag Goud.

Vorbereiding vir Voorslag

- **Literatuur** - Maak seker jy het die nuutste weergawe van die Gr 6/7 Graadwielwerkboek (November 2017 hersiening) wat die nuwe bewoording van die Voortrekkerkode en Wese bevat.

Voortrekkerdrag - Maak seker dat jou erkenningsbaadjie volledig en korrek volgens die Voortrekkerdrag reglement is (Verwys na die diagram met aanwerk instruksies aangeheg by hierdie prospektus). Erkenningsbaadjies moet pas en toegeknoop wees tydens die Voorslagkamp. Jy moet ten alle tye netjies vertoon.

Die volgende is die formele drag tydens elke Voorslagkamp:

'n Donkerblou denim langbroek sonder gate of skeure, bypassende skoene of tekkies (vermy helder kleurige, bont skoene en veters) met sokkies, rooi of blou Voortrekker gholfhemp soos deur die Voriemol verkoop, erkenningsbaadjie en korrekte warmdrag (eenkleurig donkerblou). Dogters se hare moet vas wees met rekkies of linte in Voortrekkerkleure en seuns se hare netjies.
- **Bywoningseertifikaat** - Kry dit reeds vroeg in die jaar gereed aangesien jy afskrifte daarvan moet indien saam met jou aansoek vir Voorslag evaluering.
- **Spesialisasies** - Bepaal vroeg in die jaar watter spesialisasies jy nog benodig sodat jy die regte aktiwiteite en kampe bywoon.

Voorslagkampe

- Die datum van jou gebied se Voorslagkamp verskyn op jou gebied se jaarprogram.
- Daar word 6 Voorslagkampe aangebied: Transvaal, Vrystaat, Namibië, Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap.
- Jy mag wel die Voorslagkamp van 'n ander gebied bywoon indien jy nie jou eie gebied se Voorslagkamp kan bywoon nie.
- **Wat is die prosedure wanneer jy die Voorslagkamp van 'n ander gebied bywoon?**
 Jou P1 vorm met sertifikate moet steeds by jou eie gebied se gebiedskantoor teen die gebied se sluitingsdatum ingedien word wat jou Voorslagaansoek sal kontroleer en jou inligting deurgee aan die AGL P/D sake van die gebied waar jy die Voorslagkamp gaan bywoon.

 Die **gebiedskantoor en AGL P/D sake** van jou eie gebied moet deur jou kommando ingelig word dat jy 'n ander gebied se kamp aan bywoon.

 Inskrywing vir die kamp word deur jou kommando hanteer. Voltooi die kampvorm en betaal die kampgeld van die gebied waar jy die Voorslagkamp gaan bywoon.
- Die Voorslagkamp MOET volledig bygewoon word. Geen kandidaat mag laat aansluit by 'n Voorslagkamp of die kamp vroeg verlaat vir enige ander aktiwiteite nie. Indien die kandidaat 'n sessie misloop kry hy/sy 0(nul) vir daardie betrokke sessie, want geen sessie sal later ingewerk word nie.

Wat word geëvalueer?

- **Ek as mens**
 - Lewensloop, Herkoms, Leierskap, Groepsdruk
- **Ek en my Omgewing**
 - Kaarte, Metodes van rigtingbepaling, Kampering, Touwerk, Noodhulp, Spoor sny
- **Ek as Voortrekker**
 - Geskiedenis van die beweging, Seremonie teorie, Voortrekkersimbole - vlag en wapen, Struktuur, Range
- **Voortrekkerwees**
 - Grondslag, Wese, Voortrekkerkode, P/D Belofte, Beloftespesialisasies
- **Ek as Afrikaner/Landsburger**
 - Die Afrikaner se taal, tradisionele spele en danse, Geskiedenis van die Afrikaner - Anglo Boereoorlog tot 1994, Wat maak van my 'n Afrikaner, Nasionale simbole - liedere, wapens en vlae. (Suid-Afrika en Namibië), Terminologie
- **Seremonies**
- **Spele**
- **Situasies**
- **Sang**
- **Voortrekkerdrag**

Seremonies

- Jy moet in staat wees om al vier die volgende vlagseremonies as seremonieleier en vlagdraer te kan hanteer:
Vlaghysing / Vlagstryking / Vlagpresentering / Vlagverwydering
- Die bevele en aksies vir al vier hierdie seremonies verskyn in die Gr 6/7 Graadwielwerkboek. Gebruik dit as die standaard om jou voorbereiding te doen al doen jou kommando soms ander kreatiewe seremonies en gebruik ander bevele.
- Benut soveel geleenthede moontlik om as seremonieleier en vlagdraer op te tree.
 - Praat hard en duidelik.
 - Sorg dat jy die bevele ken. Bevele word nie afgelees nie.
 - Moenie bevele soos 'n rympleer leer nie, dink wat jy sê, wees rustig en wag op reaksie van die vlagdraers, Voortrekkers of gehoor.
 - Staar regop, kyk voor jou en tree beslis op. Jy is in beheer.
- Hanteer die volgende onverwagte gebeure met grasie deur dit reg te stel (herstel) en voort te gaan:
 - een van die vlage wil nie ontplooi nie
 - die vlagtou van een van die vlage kom los
 - iemand ontwikkel 'n mediese krisis tydens die seremonie (bv. flou val)
 - die godsdiensoffisier of saluutoffisier daag nie op nie
 - die persone wat die vlage hanteer kan nie die knope maak nie

Spele

- Berei twee speletjies voor, wat vir seuns en dogters sal werk, om aan te bied tydens die Voorslagkamp.
- Weet wat van jou as speleier verwag word.
- Begin reeds vroeg in die jaar om speletjies te beproef deur dit vir jou spanmaats aan te bied. Dan sal jy maklik kan vasstel of die speletjies wat jy gekies het goed werk. Vra jou offisier om te luister of jy goed verduidelik.
- Probeer onbekende speletjies kies. Nuwe speletjies is dikwels treffers. Jy kan egter ook die bekendes so ietwat verander sodat hulle amper nuut voorkom.
- Bordspeletjies gaan nie hier werk nie want dit betrek te min spelers en daar is te min fisiese aktiwiteit.
- Hulpmiddels vir jou speletjies soos balle, stokke, klippe, fluitjies, ballonne, toue, bakke of boontjiesakkies moet jy saamneem kamp toe.
- Maak seker dat almal na jou luister en jou kan sien en jy vir hulle kan sien as jy verduidelik.
- Geniet die speletjies saam met die groep maar moenie huiwer om die spel te stop as dit nie werk nie.
- Maak seker dat albei jou speletjies geskik is om binne en buite te speel. Die weer mag dalk op die kamp 'n rol speel.
- Jy kan vir die wenners pryse gee.
- Handig jou skriftelike uiteensetting van albei die speletjies by die evalueringpunt in voor jou aanbieding. Die paneel bepaal watter een van die speletjies wat jy voorberei het, jy gaan aanbied.

Situasie-besprekings (Begronning)

- By die afdeling gaan jy die geleentheid kry om binne jou portuurgroep, tydens 'n gesprek, standpunt in te neem, jou saak te stel, te luister hoe ander oor 'n saak voel en jou eie mening te vorm. Deur middel van die gesprekke kan die paneel vasstel of jy Afrikanerskap, Brugerskap en Christenskap (ABC) van Die Voortrekkers verstaan en toepas in jou daaglikse optrede. Motiveer jou mening deur te verwys na Die Voortrekkerkode en Die Bybel.
- Jy gaan saam met 'n paar van jou maats sit en gesels oor onderwerpe wat julle van die paneel ontvang.
- Dink voor jy praat.
- Moenie ander in die rede val nie.
- Jy mag maar verskil van die ander.
- Luister goed na wat ander sê.
- Dit is nie verkeerd om 'n ander se standpunt te aanvaar of om van opinie te verander nie, mits jy nie 'n draadsitter word nie.
- Deur gereelde besprekings oor verskillende sake met jou spanmaats of gesinlede te hou kan jy hierdie vaardighede oefen. Vra jou ouers en offisier vir leiding.

Sang


- **Godsdienstige liedere**
Fillipense 4:4 (Lied 116 FAK 2 Uitgawe van 2012)
Wat 'n vriend het ons in Jesus (Lied 145 FAK 2 uitgawe van 2012)
- **Tradisionele liedere / Volksliedjies**
Sarie Marais(Lied 46 Voortrekkers KAN lekker sing)
Wandellied (Lied 86 Voortrekkers KAN lekker sing)
Suikerbossie (Lied 87 Kom sing saam met Die Voortrekkers)
- **Vaderlandsliedere**
As die oproep kom vir diens (Lied 28 Voortrekkers KAN lekker sing)
Land in die suide (Lied 31 Voortrekkers KAN lekker sing)
- **Voortrekkerliedere**
As ek saans met my maats (Lied 94 Voortrekkers KAN lekker sing)
Daar's 'n tydjie om te speel (Lied 65 Voortrekkers KAN lekker sing)
Hou Koerslied (Lied 1 Voortrekkers KAN lekker sing)
Om 'n kampvuur in die Bosveld(Lied 93 Voortrekkers KAN lekker sing)
- Jy moet die woorde en wysies van hierdie liedere ken.
- Jy moet die liedere in 'n groep kan saamsing.
- Jy moet elkeen van hierdie liedere in die regte kategorie kan plaas.

Voortrekkerdrag

- Die korrekte dra van netjiese Voortrekkerdrag is verpligtend vir die duur van die kamp.
- Punte word toegeken vir die korrekte plasing van kentekens op die erkenningsbaadjie (volgens Voortrekkerdrag reglemente). Maak dus vroeg in die jaar seker dat jou erkenningsbaadjie korrek en die regte grootte is. Verwys na en gebruik die aangehegte aanwerkinstruksie skets.
- Indien jy nie 'n ABC kenteken en rangkentekens dra nie, maak seker van die spasies wat oopgelos moet word.
- Die skei en/of juk moet jou jare diens (uitgesluit jou Gr 7 jaar) weerspieël. Indien jy nie 'n juk het nie, moet die skei alleen in die middel van die spasie aangewerk word.
- Wanneer jy die Voorslagkamp bywoon moet die Dagbreekgraadwiel en ook die Beloftespesialisasie(s) wat jy gedoen het se kenteken(s) reeds op jou erkenningsbaadjie wees.
- Maak seker dat die Dagbreekgraadwiel kenteken op die regte plek is. Dit kom onder al die ander graadwiele, in die middel in sy eie ry. Die Dagbreekgraadwiel kenteken word later oorgedra na die Verkenner erkenningsbaadjie.
- Vir evaluering moet jy onder andere die volgende weet:
 - Wat is die verskil tussen aktiewe en formele Voortrekkerdrag
 - Wat beteken elke kenteken op jou erkenningsbaadjie
 - Uitkenning van die verskillende gebiedswapens en groepskentekens
 - Wat is die erkende warmdrag
- Uitpak van kentekens op die erkenningsbaadjie word ook hier geëvalueer.
- Jy moet ook 'n paar vrae antwoord oor Voortrekkerdrag.
- OFFISIERE: Net soos dit verwag word van elke Penkop en Drawwertjie om die korrekte Voortrekkerdrag te dra tydens die Voorslagkamp, geld dit ook vir die offisiere. Wees asseblief die korrekte voorbeeld en sorg dat u Voortrekkerdrag 100% reg is en dra dit korrek en netjies. Woorde wek maar voorbeelde trek.

Ten slotte

- Heg die afskrifte van bywoningseertifikaat van die Gebiedskampe, GGN'e en alle spesialisasies waaraan jy deelgeneem het van Gr 4 -- 7 aan jou Voorslag inskrywingsvorm (P1 vorm).
- Onderteken jou Voorslaginskrywingsvorm.
- Geen inligting van die kandidaat op die P1 vorm sal aangepas word na die Voorslagkamp nie. Voltooi die vorm volledig en akkuraat. Die kandidaat en sy ouer of voog moet die klaar voltooide vorm onderteken asook die AKL admin van die kommando.
- Dit is die bepalende vereiste dat die Penkop of Drawwertjie 4 of meer diensjare moet hê om bonuspunte te kan verdien waarna bonuspunte ook op die ander afdelings toegeken kan word.
- Jy ontvang 'n verslag/rapport saam met jou toekenning wat slegs simbole aandui vir elke evalueringpunt. Geen punte word bekend gemaak nie.



VEREISTES OM TOELATING TOT VOORSLAG

	SLEGS BRONS	BRONS/SILWER/GOUD	BONUSPUNTE
1	Diensjare – 1 of 2 jaar. (insluitend Gr 7)	Diensjare – 2 jaar plus gr 7 (3 jare)	Bepalende vereiste: 4 of meer jaar diens, insluitend Gr 7.
2	Al die werk in die Gr 6 en 7 Graadwielwerkboek suksesvol voltooi het.		Die kandidaat kan op elke afdeling apart bonuspunte kry vanaf 4 of meer geregistreerde diensjare (maksimum 3 punte) Diensjaar 4 = 1 punt Diensjare 5 – 6 = 1 punt Diensjare 7 – 8 = 1 punt
3	Twee spesialisasies verwerf het. Geen A-gradering spesialisasie. Geen Beloftespesialisasie mag hier getel word nie, slegs wanneer daar reeds <u>een</u> ingevul is by die Beloftespesialisasie kolom, mag die <u>tweede</u> een hier ingevul word. Geen herhaling nie.	Ses spesialisasies in Gr 4, 5, 6 en 7 verwerf het waarvan minstens een 'n C gradering het en slegs een as A gegradeer is. Geen Beloftespesialisasie mag hier getel word nie, slegs wanneer daar reeds <u>een</u> ingevul is by die Beloftespesialisasie kolom, mag die <u>tweede</u> een hier ingevul word. Geen herhaling nie.	Agt spesialisasies tussen Gr 4 en 7 verwerf het waarvan minstens een 'n C gradering het en slegs een as A gegradeer is. Geen Beloftespesialisasie mag hier getel word nie, slegs wanneer daar reeds <u>twee</u> ingevul is by die Beloftespesialisasie kolom, mag die <u>derde</u> een hier ingevul word. Geen herhaling nie. (Spesialisasies nr 8, 9 en 10 tel elk 1 punt op voorwaarde dat dit aan al die vereistes hierbo voldoen, dus maksimum 3 punte)
4	Een Beloftespesialisasie. (Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens).		Twee Beloftespesialisasies. (Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens). (2 punte)
5	Een Gebiedskamp bywoon. Hierdie kampe en aktiwiteite moet afgehandel wees voor die uitslae bekend gemaak word en die toekenning oorhandig word.	Twee Gebiedskampe bywoon in die Gr 4, 5, 6 of 7 jaar. OF Een Gebiedskamp bywoon in die Gr 4, 5, 6, of 7 jaar. PLUS Twee GGN'e bywoon gedurende Gr 4, 5, 6, of 7 jaar. Hierdie kampe en aktiwiteite moet afgehandel wees voor die uitslae bekend gemaak word en die toekenning oorhandig word. Let wel: waar 'n kandidaat dit benodig sal bywoning van 'n <u>geregistreerde gebiedskamp in Graad 3</u> ook in ag geneem word – verskaf bywoningssertifikaat.	Minstens vier Gebiedskampe bywoon in die Gr 4, 5, 6 of 7 jaar OF Drie Gebiedskampe bywoon in die Gr 4, 5, 6, of 7 jaar. PLUS Twee GGN'e bywoon gedurende Gr 4, 5, 6, of 7 jaar. (2 punte) Hierdie kampe en aktiwiteite moet afgehandel wees voor die uitslae bekend gemaak word en die toekenning oorhandig word.

